

# St. Louise de Marillac

## 15 Maart

(1591-1660)

Louise was lid van die ryk en magtige Marillac familie en ontvang 'n uitstekende opvoeding. Sy was egter sieklik en geneig tot depressie. Sy tree in die huwelik en skenk later geboorte aan haar enigste kind, 'n seun, wat bestem was om sy moeder groot probleme te besorg. Haar man sterf in 1625 en sy begin al hoe meer steun op haar biegvader en geestelike begeleier, die heilige Vincent de Paul. Dit was hy wat in hierdie melankoliese en angstige vrou iemand raakgesien het met die talent om dinge te organiseer en haar ingespan het vir die opbou van God se koninkryk. Saam stig hulle die Genootskappe van Liefdadigheid om die armes en behoeftiges by te staan en uit hierdie werk groei die latere Kongregasie van die Susters van Liefdadigheid wat 'n groot impak gehad het op die verbetering van die sosiale toestande in die destydse Frankryk. Danksy die bekwame leiding van Louise is die eerste netwerk van welsynsversorging in Europa opgebou.

© Die Oratorium Uitgewery